Beleid: Sonbewustheid

Bewustheid van die son se gevolge

Laerskool Hendrik Louw sal voortaan ‘n integrale rol in die bewusmaking van “sonveiligheid” by ons leerders speel. Ons skool se leerders spandeer baie tyd buite in die son. Dit is gewoonlik tydens pouses en ander skoolaktiwiteite. Vir Laerskool Hendrik Louw is dit van belang dat ons leerders, met die ondersteuning van hulle ouers/voogde, leer om verantwoordelik op te tree sover dit sonbewustheid aangaan en om hulle van die gevare van die son en hoë UV vlakke bewus te maak. Ouers/voogde en leerders word sterk aangemoedig om betroubare bronne (app/toep, koerante en webbladsye) te raadpleeg vir die betrokke dag se son/UV intensiteit en hulle sodoende te help om ingeligte besluite te maak aangaande leerders se gesondheid.

1. **Hoed en sonskerm**

a) Die skool laat nou blou breërandhoede met die skool se embleem op vervaardig.
b) Hierdie hoede sal voortaan deel uitmaak van die skooluniform.
c) Leerders word aangemoedig om elke dag ‘n hoed saam te bring skool toe. Die hoed moet duidelik met u kind se naam daarop gemerk wees.
d) Die leerders word aangemoedig om sonskerm met ‘n SPF 30 of hoër, voor skool op die gesig, ore, nek en arms, veral tydens die warmer maande, aan te wend. Hulle word ook aangemoedig om

sonskerm in te pak en weer aan te wend voordat hulle na buite gaan vir aktiwiteite.

e) ‘n Hoed word sterk aanbeveel tydens buite-aktiwiteite bv. pouse, DMS en sportoefeninge (waar van toepassing) en sekere ander byeenkomste.
f) Leerders wat tydens pouses sonder hoede na buite gaan, doen so op eie risiko en word aangemoedig om eerder vir die pouse op die pawiljoen of in koelte te sit.

2. **Personeel, afrigters en persone in ander hoedanighede**

a) Onderwysers en afrigters moet altyd ‘n hoed en sonskerm buite dra en waar moontlik, eerder skaduwee soek om in te werk veral wanneer die UV-vlakke hoog is.
b) Onderwysers en afrigters moet alle leerders gereeld herinner en aanmoedig om ‘n hoed te dra en om sonskerm aan te wend voordat hulle aan ‘n buite- aktiwiteit of sport deelneem.
c) ‘n Algemene bewusmaking van die son en die skade wat dit aan ons velle kan aanrig is belangrik en moet deurlopend as prioriteit gesien word.

AANVAAR DEUR DIE SKOOLBEHEERLIGGAAM OP
_____ 2023

_____
VOORRSITTER

_____
SEKRETARESSE

_____
SKOOLHOOF